

RIGLYNE VIR 'N BEROEPINGSPROSES DEUR KERKRADE

Februarie 2022

1. BASIESE BEGINSELS

1.1 Die beroeping van 'n predikant moet 'n proses wees van geestelike onderskeiding. Daarom is dit belangrik vir 'n kerkraad om hierdie proses te stap in biddende afhanklikheid van die Here en ook die Here deur die proses te vertrou.

1.2 Dit moet 'n deursigtige proses wees:

1.2.1 Eerstens teenoor die ring deurdat die gemeente se konsulent deurlopend deel is van en ingelig is in die proses. Die konsulent neem deel in adviserende hoedanigheid en het nie stemreg nie. Waar die pos van predikant vakant is moet die konsulent of enige ander ringsleraar alle kerkraadsvergaderinge bywoon (vgl. KO artikel 28.4 en Bepaling 28 en verdere aantekeninge). Sonder die teenwoordigheid van 'n predikant kan die vergadering nie geldige besluite neem nie.

1.2.2 Tweedens moet die proses deursigtig wees teenoor die kandidate op die groslys. Daar moet duidelik en eerlik aan al die kandidate gekommunikeer word hoe die proses gaan verloop en wat die gemeente se huidige omstandighede is. 'n Regverdige kans moet aan elke kandidaat op die groslys gegee word. Maak moeite met die invordering van inligting van kandidate sodat die kerkraad 'n ingeligte keuse kan maak.

1.3 Kandidate op die groslys se inligting, CV's of vraelyste ens. moet streng vertroulik hanteer word. Goeie praktyk is om aansoeke by een adres (bv. die gemeente se amptelike e-pos adres) te ontvang dit veilig te bewaar en dan eers na die sluitingsdatum vir aansoeke, die CV's slegs te versprei aan persone wat direk betrokke is by die beroepingsproses (bv. Die kerkraad of Pre-advies kommissie). Beleid in lyn met POPI (Protection of personal information act) wetgewing is ook hier van belang – [klik hier](#). Die posbekendstelling moet ook voldoen aan die Wet op Gelyke Indiensneming – [hier is riglyne](#).

2. RIGLYNE EN KONTROLELYS

Die onderstaande riglyne wil help met die stappe wat gevolg moet word met beroeping van 'n predikant en kan dien as 'n kontrolelys (checklist). Dié riglyne is ondergeskik aan die Kerkorde van Oos – Kaapland 2022. Die geldende kerkorde is beskikbaar by: <https://ngkok.co.za/kerkorde/ngkok2022/Kerkorde-Oos-Kaapland-2022.pdf>

2.1 Sodra 'n gemeente kennis ontvang dat 'n pos vakant gaan word (bv. Wanneer 'n predikant 'n beroep aanvaar het of wanneer 'n predikant emeriteer) moet die kerkraad die ring skriftelik in kennis stel en goedkeuring ontvang om te begin met 'n beroepingsproses.

2.2 Die kerkraad moet in oorleg met die ring besluit vir watter postipe (die soort pos) hulle gaan beroep. Die opsies is: onbepaalde termyn of vastetermyn (beide onbepaalde termyn of vastetermyn kan voltyds of deelyds gevul word), Brugleraar, standplaasleraar of diensleraar. Daar is ook tentmakerleraars, wat nou 'n deelydse, vrywillige predikantspos is sonder diensvoordele, vergoeding of kompensasie (KO 2022 Regl. 16).

2.3 Die kerkraad bepaal op grond van hulle onderskeiding oor wat die gemeente se roeping vir die volgende seisoen van leraarsbediening is, ook op grond van hulle konteks en geestelike behoeftes die posvereistes en stel 'n profiel saam van die tipe kandidaat wat hulle wil beroep.

2.4 Die kerkraad besluit hoe kandidate op die groslys geplaas word, hetsy deur 'n advertensie te plaas in die kerkbode of deur middel van enige van die ander prosesse soos uiteengesit in die Kerkorde, Reglement 13 punt 4.2.1 – 4.2.4 (bl. 144).

2.5 Die kerkraad besluit of hulle 'n pre-advieskommissie gaan saamstel vir die hantering van die beroepingsproses en of die hele kerkraad volledig daaraan gaan deelneem. Die kerkraad kan ook kundiges in adviserende hoedanigheid koöpteer, sonder stemreg.

2.6 Beroepbaarheid van alle kandidate word opgevolg deur die konsulent (vgl. KO Reglement 13 punt 7.3.1, 7.3.2 en 7.3.5 bl. 145).

2.7 Name op die groslys met die beskikbare inligting word aan die pre-advieskommissie of kerkraad voorgelê.

2.8 Die pre-advieskommissie of kerkraad bepaal aan die hand van die posvereistes wie die geskikte persone vir die pos is.

2.9 'n Kortlys word saamgestel en die kerkraad besluit of kandidate vir onderhoude en preekbeurte genooi word.

2.10 Beroepingsvergadering word gereël.

2.10.1 Teenwoordige lede moet 'n kworum wees.

2.10.2 Slegs verkose kerkraadslede het stemreg.

2.10.3 Konsulent moet teenwoordig wees.

2.10.4 Name van minstens drie geskikte kandidate word voorgelê in alfabetiese volgorde en daarna al die ander name op die groslys. (Indien minder as 3 kandidate voorgelê word, moet daar skriftelik toestemming daartoe ontvang word by die ring).

2.10.5 Inligting van kandidate op die groslys kan aan die kerkraad sonder beïnvloeding voorsien word.

2.10.6 Die beroeping vind met geslote stemwyse plaas.

2.10.7 Elke lid van die vergadering moet stem.

2.10.8 Die persoon op wie die meeste stemme verenig word, is verkies indien die getal stemme op die persoon uitgebring die volstreekte meerderheid van die aanwesige stemgeregtigdes uitmaak. (Voorbeeld: Indien daar 15 stemgeregtigdes teenwoordig is, is 8 'n volstreekte meerderheid. Indien daar 16 stemgeregtigdes is, is 9 'n volstreekte meerderheid).

- 2.10.9 Indien 'n persoon nie 'n volstreekte meerderheid van stemme kry nie, vind daar 'n verdere stemming plaas uit die name wat die hoogste getal stemme gekry het en saam 'n volstreekte meerderheid vorm.
- 2.10.10 Indien daar 'n staking van stemme is wat nie deur verdere stemming opgelos kan word nie, geskied die beslissing deur die lot.
- 2.11 Die voorsitter van die kerkraadsvergadering gee dadelik aan die gelegitimeerde wat beroep is, kennis van die beroep wat uitgebring is.
- 2.12 Die Kerkbode en Sinodale kantoor word onverwyld deur die skriba in kennis gestel van die uitbring van die beroep (later ook van die aanneming of bedanking daarvan).
- 2.13 Die naam van die beroepene word op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan die gemeente vir goedkeuring (approbasie) deur die gemeente bekendgemaak.
- 2.14 Die kerkraad stel die beroepsbrief op saam met 'n verteenwoordiger van die ring, wat nie 'n lidmaat van die betrokke gemeente is nie. (bv. die konsulent). Nota: Voorbeelde van beroepsbriewe en dienskontrakte is te vind op die Sinode se webblad. Besoek www.ngkok.co.za, klik op ADMIN, en dan weer op Admin vir Kerkkantore. 'n Blad verskyn met verskeie inligtingsdokumente, soos vergoedingsriglyne en voorbeelde van dienskontrakte. Die Bestuurshandleiding van die NG Kerk is ook hier beskikbaar.
- 2.15 So gou moontlik na die laaste bekendmaking van die beroep en nadat die tyd vir besware verby is (na die tweede afkondiging van die beroep), lê die voorsitter van die kerkraad die betrokke stukke (beroepsbrief) aan die skriba van die ring of sy gevolmagtigde voor vir goedkeuring. Nota: Wat die beroepsbrief en dienskontrak betref, is daar twee benaderings: die beroepsbrief en dienskontrak kan gekombineer word, of slegs 'n beroepsbrief kan gestuur word en later 'n dienskontrak onderhandel word. Die voordeel van die kombinasie van die beroepsbrief en dienskontrak is dat die onderhandeling en kontraktering ook afgehandel is wanneer die leraar die beroep aanneem. Sien voorbeeld by www.ngkok.co.za > ADMIN > Admin vir kerkkantore.
- 2.16 Die ring of sy gevolmagtigde kontroleer of daar aan al die kerkordelike vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is. (vgl. KO Reglement 13 punt 7.3 bl. 145)
- 2.17 Sodra die beroep deur die ring of sy gevolmagtigde goedgekeur is, word dit aan die beroepene gestuur vir oorweging.
- 2.18 Die beroepene het na ontvangs van die beroepsbrief 'n maksimum van veertien dae om die beroep te aanvaar of te bedank, tensy uitstel daartoe deur die kerkraad verleen word.
- 2.19 Na oorweging van die bepalings van die beroepsbrief en enige onderhandelinge daaromtrent, word die diensooreenkoms finaal opgestel en onderteken (vgl. KO Reglement 13 punt 9 bl. 147).
- 2.20 Die bevestiging van die predikant geskied na die afhandeling van Kerkorde Reglement 13 punt 10 bl. 147 en 148.